Hoërskool Oosterlig

Rekeningkunde Graad 10

Opdrag – 5

Datum uit: 8 Julie 2020 Datum in: 15 Julie 2020

Naam: _____ Klas: _____

JAAREINDPROSEDURE

Vraag 7 (Inkomstestaat; 45 punte, 23 minute)

Jy word voorsien van inligting wat betrekking het op Stimela Handelaars vir die finansiële jaar wat eindig op 28 Februarie 2018.

GEVRA:

7.1 Neem die gegewe inligting in ag en stel die Inkomstestaat van Stimela Handelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 volledig op. (Toon alle berekeninge in hakies). (45)

INLIGTING:

1. Die volgende is 'n uittreksel uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2018:

Balansstaatrekeninge-afdeling	**Debiet**	**Krediet**
Voertuie	1 300 000	
Opgelope waardevermindering op voertuie		230 000
Vaste deposito: ABSA	135 000	
Handelsvoorraad	88 000	
Debiteurekontrole	156 000	
Voorsiening vir oninbare skulde		5 160
Lening: Nedbank		430 000
Nominale rekeninge – afdeling Verkope		1 622 000
Koste van verkope	880 000	
Debiteureafslag	38 000	
Huurinkomste		191 750
Korting ontvang		5 200
Rente op vaste deposito		3 000
Oninbare skulde ingevorder		1 800
Versekering	89 400	
Rente op lening	26 250	
Skryfbehoeftes	38 200	
Korting toegestaan	4 200	
Oninbare skulde	15 200	
Bankkoste	12 120	

2. Die volgende jaareindaansuiwerings en addisionele inligting moet nog in berekening gebring word op 28 Februarie 2018:
   - 2.1 Waardevermindering op voertuie moet afgeskryf word teen 10% per jaar op die reguitlyn-metode.
   - 2.2 'n Fisiese voorraadopname toon handelsvoorraad, R86 100 en skryfbehoeftes, R3 100 voorhande op 28 Februarie 2018.
   - 2.3 Die huur vir Maart 2018 is reeds ontvang.
   - 2.4 Die rekening van 'n debiteur wat R2 000 skuld moet as oninbaar afgeskryf word.
   - 2.5 'n Tjek wat ons van 'n debiteur ontvang het vir R7 200 ter vereffening van skuld ten bedrae van R8 000 is deur die bank teruggestuur gemerk v/t.
   - 2.6 Suiwer die voorsiening vir oninbare skulde aan tot 3% van uitstaande debiteure.
   - 2.7 Die vaste deposito by ABSA is op 1 Maart 2017 gemaak teen 'n rentekoers van 4% per jaar.
   - 2.8 Die lening by Nedbank is op 1 Maart 2013 aangegaan teen 'n rentekoers van 7,5% per jaar.
   - 2.9 Versekering is betaal tot 31 Desember 2018.

7.1	Inkomstestaat van Stimela Handelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018
Bruto wins	
Ander bedryfsinkomste	
Bruto bedryfsinkomste	
Bedryfsuitgawes	
Bedryfswins	
Wins voor rente-uitgawe / finansieringskose	
Netto wins vir die jaar	

Berekeninge: